



**HOËRSKOOLO
HENNENMAN**

Per Laborem ad finem



Uit die Skoolhoof se pen...

NUUSBRIEF

24 April 2026

Liewe Ouers

Ons is dankbaar dat almal veilig terug is na die vakansie.

Ons innige simpatie met me. Zelmari Coetzee met die afsterwe van haar ouma. Ons wil ook ons medelye uitspreek aan alle families en gesinne wat 'n geliefde aan die dood afgestaan het. Mag die Here julle styf vashou in hierdie moeilike tyd.

TOERE EN KAMPE

Gedurende die vakansie het ons o.15- en o.16-rugby asook eerste hokkie-, netbal- en rugbyspanne oefenkampe/klinieke/toernooie, wat baie geslaagd was, bygewoon.

Ons vertrou dat elke span waardevolle kennis en ondervinding met die oog op die liga opgedoen het.

Baie dankie aan elke onderwyser, afrigter, ouer en leerder wat hulle tyd opgeoffer het om ons leerders op hierdie toere te vergesel. Baie dankie ook vir elke borg wat ons spelers ondersteun en die geleentheid gegee het om hierdie toer mee te maak. Ons waardeer julle!

Drie leerders en een student het die #Imagine-kamp bygewoon en na 'n volgepakte naweek geesvervuld na Hennenman teruggekeer. Ons weet dat elkeen wat daar was, ongelooflike seën ontvang het! Mag dit wat hulle ervaar het elke dag sigbaar wees in hulle lewens en ook 'n impak op hulle maats maak!

Alle eer aan die Here wat ons kinders veilig op ons paaie bewaar het!

WINTERSPORT

Ons ligawedstryde is reeds volstroom aan die gang. Die volgende uitslae is behaal:

RUGBY

HSH vs. HTS Welkom

o.15 wen 17 – 14

o.16 wen 22 – 0

1stes wen 30 – 24

HSH vs. Salomon Senekal

o.15 verloor 0 – 27

o.16 verloor 7 – 21

1stes verloor 15 – 35

NETBAL

HSH vs. Salomon Senekal

o.19A wen 33 – 31

o.14A verloor 6 – 12

o.19B verloor 10 – 16

HOKKIE

1ste seuns

- verloor 0 – 1 teen St. Andrew's

1ste meisies

- verloor 1 – 5 teen Welkom High o.19A
- wen 2 – 0 teen Salomon Senekal (vriendskaplik)

o.19B-meisies

- verloor 2 – 3 teen Wessel Maree
- gelykop 2 – 2 teen Salomon Senekal (vriendskaplik)

Baie sterkte aan al die spanne met die res van die seisoen!

Staan vas. Leef eg. Wees janself.

- PER LABOREM AD FINEM -

KONTAK ONS:

Kontak: +27 (0)57 573 1130

E-pos: hsh@hsh.co.za

Webtuiste: www.hsh.co.za

WEDSTRYDE: VRYDAG, 24 APRIL

Die rugbywedstryde wat Saterdag sou plaasvind, is a.g.v. die langnaweek na Vrydag verskuif. Ons rugbyspanne speel wegwedstryde teen Hoopstad.

Die program is as volg: o.15 - 14:20
o.16 - 15:25
1stes - 16:25

Die eerste hokkiespanne speel tuiswedstryde teen Riebeeckstad Hoërskool.

Die program is as volg: 14:00 - Seuns 1stes
15:00 - Meisies 1stes

Ons nooi u hartlik uit om ons spanne te ondersteun! Baie sterkte aan al ons spanne!

REDENAARS

Dané Rossouw het aan die Oppie Tong Af redenaarskompetisie deelgeneem en 'n A+ met 88% behaal.

Jo-Ann Noordman het ook aan die Radikale redenaars deelgeneem en 'n A-sertifikaat behaal.

Baie geluk aan hierdie twee leerders met uitstekende uitslae! Ons is baie trots op julle.

Jo-Ann Noordman, Mia Niemann, Hendrik Myburgh, Dané Rossouw en Janette Marais het Vrydag, 17 April aan die provinsiale ATKV-redenaarskompetisie gaan deelneem. Ons wag nog vir die finale uitslae.

LET WEL:
Volgende Dinsdag, Woensdag en
Donderdag is NORMAAL skool!

STREEK- OF PROVINSIALE SPANNE

Na afloop van die NVS-proewe is vier van ons spelers in verskeie NVS-hokkiespanne ingesluit.

Baie geluk aan die volgende spelers:

Ethan Compton	NVS o.18B-span
Kelebogile Botsane	NVS o.18B-span
Dylan van Staden	NVS Rhinospan
Jano Ross	NVS o.14A-span

Ons is baie trots op julle!

HOK (HENNENMAN ONDERSTEUNERSKLUB)

Ons nooi u graag uit om 'n lid van HOK te word! Lidmaatskap is R150 per persoon en word aangewend om behoeftige leerders rondom buitemuurs te help. U as lid ontvang gratis toegang tydens tuiswedstryde en die geleentheid om heerlik na 'n tuiswedstryd, in die sportkamer saam te kuier en te braai.

Kom wees ook deel van hierdie inisiatief!

AVONTUURKLUB

Die Avontuurklub het tydens hulle kwartaallikse uitstappie 'n opwindende naweek beleef. Tussen perdry en *river tubing* het hulle hulle gate uit geniet en stokflou by Udolpho Ox Wagon die geleentheid gehad om in ossewaens te slaap.

Baie dankie aan me. Madeli Volschenk, Hanlé Visser en mnr. Willie Marais wat ons leerders vergesel het.

Geniet 'n geseënde naweek!
Vriendelike groete
Brenda Hoffman